

Jakob skeep 'n illusie

Eke gaan nou 'n storie probeer skryf om my gemoed te verbeter ...

Jakob is nou al drie weke by sy suster in Pretoria, wagtende vir iets om te gebeur sodat hy kan vertrek – weg, na 'n vreemde land toe. (Sy suster is die finansiële bestuurder by 'n plaaslike konstruksie maatskappy. Sy woon in 'n klein woonstel – een slaapkamer, sitkamer en 'n kombuis – in Arkadia, 'n woonstelbuurt op die rand van die middestad. As die oudste kind het sy al geleer om geduldig te wees met haar jonger broer en suster, veral siende dat hulle skynbaar geen idee het wat om te maak met hul volwasse lewens nie. Dis reeds die tweede keer in drie maande wat sy aan een van hulle haar spaar matras moet aanbied, met 'n kussing en 'n paar komberse, en spasie op haar sitkamervloer.)

As Jakob ver genoeg terugstaan van die hele situasie, sien hy dit vir wat dit is: 'n gewag op iets groters in die lewe, iets wat miskien ook aan hóm 'n plek in die son sal gee. Hy weet ook die huidige situasie is bloot die volgende hoofstuk in sy verhaal, 'n voortsetting van 'n fase in sy lewe wat begin het die dag toe hy sy laaste vraestel op universiteit geskryf het. Die tyd het toe aangebreek wat hy moes besluit in watter rigting hy sy lewe gaan vat, siende dat sy vriendin op universiteit, Karien, hom oortuig het om tydelik af te sien van sy ideaal om 'n kluisenaar te word – wat sy hare en baard sou laat groei, en net nou en dan sy gordyne sou ooptrek om te sien watse seisoen dit is. (Dan weer, het nie ook kluisenaars deesdae 'n inkomste nodig nie?)

Enkele maande voor sy gradeplegtigheid het hy besluit om die onvermydelike lewenslange stryd om geld, huis en kinders tydelik op die agtergrond te skuif. Hy sou eers bietjie gaan reis vir 'n paar maande. Hy't geweet dit sal nie noodwendig aan hom 'n plek in die son besorg nie, maar soos hy aan iemand verduidelik het oor 'n bier een aand, die landskap van 'n vreemde bestemming sou hom hopelik moed gee vir lewe in die hoofstroom, en 'n bietjie inspirasie.

Die plan was om Europa toe te gaan, 'n paar maande êrens te werk, 'n paar lande te besoek, en dan op 'n belowende lentedag terug te keer en sy jonger suster in Stellenbosch te verras. Hy sou haar by Bakoven inwag op haar pad terug van die skool af. Dan sou hy haar die middag vertel van alles wat hy gesien het, en van al die interessante mense wat hy ontmoet het. Sy sou luister soos een wie se wêreld, met elke woord, voor haar oë verbreed.

Hy sou terugkom met skouerlengte hare en 'n baard, en mense sou hom eers nie herken nie. Hy sou 'n pelgrim wees wat skielik huis toe gekom het.

Vyf weke na hy Europa toe vertrek het – nie lank genoeg om veel van 'n verskil aan die hare of die baard te maak nie, was hy terug. 'n Paar mense wat verbaas gevra het, “Nou al?” het hy geantwoord met dieselfde illusie waarmee hy sy eie teleurstelling probeer verdoesel het: Hy het net sy “goeters kom afhandel.” Hy sou weer vertrek “binne die volgende maand of drie.”

Maande van armoede en vervaagde hoop het gevolg.

Mense wat hom uitgevra het oor hoekom hy steeds in Stellenbosch is, het hy geantwoord met nog 'n halwe waarheid: Hy't besluit om eerder sy suster deur matriek by te staan aangesien hulle ouers nou in 'n ander deel van die land woon.

Teen Kersfees was hy platsak. Sy suster was reeds weg – KwaZulu-Natal toe. Hy het agtergebly in die munisipale woonstel met maande se onbetaalde elektrisiteitsrekening, en huurgeld wat driftig op pad was in dieselfde rigting. Om aan die lewe te bly het hy die meubels verkoop, totdat net 'n paar komberse en kussings, en 'n geleende swart-en-wit TV oorgebly het. Die krag – soos hy verwag het – is afgesny vroeg in Januarie. Hy't die aande op sy beddegoed op die andersins kaal sitkamervloer in donkerte deurgebring.

“My lewe het begin stagneer,” het hy meer as een aand gedink. Dat hy vorendag moes kom met 'n plan om uit die gemors te kom waarin hy gesit het, was nie altemit nie.

'n Maand na Kersfees het hy sy oorblywende goed in bokse gepak, meeste daarvan by 'n vriend gestoor, en sy 1967

Wolseley wat al vir amper 'n jaar gestaan en blare vergaar het onder 'n boom, te koop aangebied in die *Eikestadnuus*. 'n Paar dae na die kar verkoop is, het hy die trein gevat noorde toe. Dié jaar sou anders wees, het hy geglo. Hy was gereed, inderdaad uitgehonger, vir nuwe dinge.

Nie lank na hy in Pongola, in KwaZulu-Natal, aangekom het nie, kry hy 'n oproep van 'n Suid-Afrikaner wat woon en werk in Seoel, Suid-Korea. Hy't onmiddelik teruggedink aan die dag in Desember toe hy die advertensie vir Engelse onderwysers in die *Cape Times* gesien het ("Teach in Korea," het die opskrif gesê, met 'n naam en 'n nommer). Hy kon onthou hoe entoesiasies hy hom teruggehaas het woonstel toe om te reageer op die advertensie. Die persoon het hom gevra of hy nog belangstel. "Dit sal ongeveer vyf weke duur om al die reëlings af te handel," het die stem belowe. Jakob was verseker hy was eerste op die lys van nuwe onderwysers.

Sy plek in die son, die oplossing vir al sy probleme, het gearriveer!

Vyf weke is vinnig besig om drie maande te word. Intussen wag hy maar, meestal op die bank in sy suster se woonstel in Arkadia. Hy slaap op die sitkamervloer, rook die goedkoopste sigarette op die mark, drink koffie, en eet toebroodjies. Hy lees oor modes en verhoudings in sy suster se tydskrifte, probeer volg wat in die wêreld aangaan op 'n TV wat meer strepe en kolle wys as enige iets anders, en stap elke oggend OK Bazaars toe – vir die oefening, maar ook omdat dit soms beter is om na enige plek toe te gaan as om nêrens heen te gaan nie.

Jakob het 'n lang pad gekom na sy laaste vraestel op universiteit. Miskien, reken hy, sal dit 'n goeie idee wees om 'n paar draaie te gaan loop deur die bekende landskap van sy geboortestad ...

Goed, dis nie 'n meesterstuk nie ... en dis nie heeltemal fiktief nie. Ek gaan nou êrens koffie drink om die illusie te skep dat ek nie die bele dag in my suster se sitkamer spandeer nie.

(Donderdag 18 April 1996)

NOTA:

HIERDIE DOKUMENT BEVAT TEKS UIT
DERTIEN MINUTE OP 'N SATERDAGAAND
DEUR BRAND SMIT.

VIR MEER INLIGTING, BESOEK ASSEBLIEF
BRANDSMIT.NET

JY IS WELKOM OM KOPIEË VAN HIERDIE
DOKUMENT TE VERSPREI SOLANK DIE INHOUD
ONVERANDERD BLY.

© 2015 BAREND J. L. SMIT